NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE UITV. KOM. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP 6 NOVEMBER 1958.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors.); Dr. B.J. Odendaal; Ds. E.P.J. Kleynhans; Mnr. S.J. Naudé, Ds. W.R. de Kock (Org. Sekr.) en Ds. L.L. Nel (Alg. Sendingsekretaris).

B U I T E L A N D.

Nadat laasgenoemde met gebed geopen het word die Notule van 24 en 25 Oktober 1958 van die A.R.K. behandel.

1. BEGROTING: Hierdie saak word opgedra aan die Saakgelastigdekantoor met Ds. P.S.Z. Coetzee om met die volgende U.K. vergadering in konsepvorm voor te lê.

2. BAKKIE, SUSTER STOFFBERG: ARK/1. Word verwys na die Voorsitter met volmag van handeling.

3. SENDINGKANTOOR: In beginsel word aanvaar dat dit wenslik sal wees dat die twee kantore van die Alg. Sendingsekretaris en die Org. Sendingsekretaris bymekaar op Bloemfontein sal wees en dat aan 'n herindeling van die werk sal gedink word.

4. ORG. SENDINGSEKRETARIS: Hy word gevra om behulpsaam te wees op Bloemfontein terwyl die Alg. Sendingsekretaris op drie maande siekteverlof afwesig sal wees.

5. ALG. SENDINGSEKRETARIS: Aan hom word drie maande siekteverlof toegestaan.

6. NOTULE A.R.K.- 24 OKTOBER 1958: Nadat die begroting afgehandel is (sien 1) sal die U.K. byeenkom om die res van die Notule af te handel.

7. VERVOER PER LUG NA LUSAKA: ARK/10: 'n Brief word aan Eerw. Hoffman gerig waarin verdere besonderhede aangevra word.

8. MNR. J.M. BADENHORST, KATETE, VERTREK: Die hele aangeleëntheid sal met Eerw. J.M. Cronje bespreek word met dié se voorgenome besoek waarna die U.K. op die hele aangeleëntheid weer sal ingaan.

9. DS. W.B. JANSEN, DEMISSIE: Hierdie saak sal na verdere informasie in behandeling geneem word.

10. MNR. A. MILES: Die Alg. Sendingsekretaris verduidelik die posisie i.v.m. nuwe verblyfpermit aan hom i.v.m. sy vertrek, sodra sy eksamens afgehandel is.

11. TEOL. KANDIDAAT R.P. JORDAAN: Hy sal gevra word of hy nog van plan is om in April na die Sendingveld te gaan.

12. DRUKPERS, MNR. A.H. DE WET: Word met Eerw. J.M. Cronje bespreek met sy voorgenome besoek.

13. EERW. J.M. CRONJE: Die U.K. ontmoet hom sodra hy aankom.

14. MEDIESE UITGAWES: Besluit word soos vervat in bylae A. tot die notule.

NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE U.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP 6 NOVEMBER 1958.

B I N N E L A N D.

WITSIESHOEK.

Die Notule van die Witsieshoek Hospitaalraad-vergadering gehou op 23 September 1958 word nou in behandeling geneem.

1. VERHUUR HUISE BOUHEER EN O.V.S.B.: Die Sekr. O.V.S.B. moet hiervan in kennis gestel word.

2. TEOLOGIESE-SKOOL: Staan oor.

3. VERPLEEGSTERS, BLANK EN NIE-BLANK, SALARISSE: Besluit in verband hiermee word geneem soos uiteengesit in bylae B.

4. BEDIENDE SALARIS: Begin salaris £2 p.m. met 2/6d. verhoging tot maksimum £3 p.m.

5. EVANGELIS MOTJOTJI, WONING: Eerw. Basson word gevra of die boujong wat met bouwerk daar besig is alreeds genader is i.v.m. die oprig van die Verpleegsterstehuis. By hierdie gebou moet voorsiening ook gemaak word vir 'n woning vir bogemelde evangelis.

6. KLINIEK BY HOSPITAAL: Antwoord van Eerw. Basson nog nie ontvang nie.

7. WONING VIR GENEESHEER, BOU VAN: Hierdie moet oorstaan totdat 'n tweede geneesheer bekom is.

8. DANIEL MOLEFI, NUWE WONING: Staan oor totdat die begroting ontvang is.

9. MOTERHUISE: Staan asb. oor.

10. BRANDSTOFKAMER: Staan oor.

11. STOFBERGGEDENKSKOOL STOOMSTELSEL: Navraag sal gedoen word by die Direksie of een van die Suigstelsels nie aan Witsieshoek afgestaan sal kan word wanneer Stofberggedenkskool verskuiwe word nie.

12. SUIGAPPARAAT: U.K. keur goed dat Dr. R. Stern die apparaat aangekoop het.

13. AMBULANSVOERTUIG: Daar sal aan die aanbeveling van die Raad uitvoering gegee word.

14. X-STRAAL APPARAAT: Ook hieraan sal uitvoering gegee word.

15. KLINIEK REELING: Nog niks verneem nie.

16. SUSTER SIMON: Dr. R. Stern is nog in onderhandeling met haar.

17. RONTGEN-ASST. ENS: Staan oor.

18. TENK VIR AFLOOPWATER: Staan oor totdat prysopgawe ontvang is.

19. EVANGELIS MOTJOTJI, SALARIS: Verhoging £2 p.m. goedgekeur (Bylae C.)

3/ .....

20. SPESIALE AANKOPE VIR HOSPITAAL: Besluit dat vir spesiale aankope vir die hospitaal die Sendingkantoor eers daaromtrent gekontak moet word.

21. SUSTER HERBST: Verlof goedgekeur.

B A S O E T O L A N D.

Die vergadering verdaag na die Pers (Sending) geboue teneinde 'n gesamentlike vergadering van U.K. met Eerww.Jacobs en Odendaal te hou i.v.m. Basoetolandse aangeleëntheid.

1. Die voorgestelde Reglement i.v.m. die werk in Basoetoland word puntsgewyse gelees. Hiervan word kennis geneem.

2. FICKSBURG: Kennis word geneem dat Ficksburg meteens met die beroeping van 'n Sendeling kan aangaan.

3. NOG 'n EVANGELIS: Met dankbaarheid word daarvan kennis geneem dat die Sendingkerk onderneem het om vir nog 'n Evangelis se salaris in te staan.

4. K.J.V. BYDRAE £250: Daar die K.J.V. besluit het om £250 te gee vir die werk in Basoetoland, besluit die vergadering dat hierdie bedrag aangewend sal word vir die Evangelis te Fouriesburg.

5. OPNAME VAN KLEURLINGE IN O.V.S.: Dit word in beginsel goedgekeur dat Eerw. Wessels gevra word om 'n opmeting te doen van die kleurlinge in die O.V.S. . (Sien bylae D.) Die verdere reëlings in verband hiermee word getref deur die twee Sendingkommissies van die Moeder- en Dogterkerke.

6. FRANSE SENDING, ONTMOETING: Di. L.L. Nel en P.S.Z. Coetzee word benoem om die S.A.S.K. by hierdie ontmoeting te verteenwoordig. Dr. B.J. Odendaal tree as secundus op vir enigeen van hierdie twee.

7. TEKORT, HUIS EVANG. TLADI: Hierdie tekort sal vergoed word. Sien bylae E.

8. EKSTRA UITGAWES IN VERBAND MET BASOETOLAND DEUR SEKERE GEMEENTES: Hierdie uitgawes sal later met die Saakgelastigde bespreek word voordat finaal besluit word.

T H A B A N C H U..

1. OPVOLGER EERW. F. VOGEL, THABA NCHU, SALARIS ENS.:
Besluit om die salaris van Eerw. F. Vogel se opvolger met £50 p.j. te verhoog en die vervoerkoste met dieselfde bedrag, £50, te verhoog op die duidelike verstandhouding dat die Kerkraad van Thaba 'Nchu soos in die verlede i.v.m. woning, salaris, toelaes ens.sal handel. (Sien bylae E.)

2. NAT. LERAAR, THABA 'NCHU: Die vergadering besluit om nie nou enige bydrae te gee vir salaris vir 'n Nat. leraar nie; dat die beroeping van so'n Nat. leraar eers na die bevestiging van 'n Sendeling in oorweging geneem moet word.